

## Een in aanbidding



---

### SABBATMIDDAG

#### Leesverwysings vir hierdie week se les:

Openbaring 4:8, 11; Mateus 4:8, 9; Daniël 3:8–18; Openbaring 14:9; Openbaring 14:6, 7; Handeling 4:23–31.

#### Geheueteks:

“En ek het ’n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met ’n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke. En hy het met ’n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het” (Openbaring 14:6, 7; OAB).

**K**ort na Pinksterdag het die eerste Christene baie tyd in gesamentlike aanbidding deurgebring. “En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede” (Hand. 2:42, OAB). Jesus is die Messias, die vervulling van die Ou-Testamentiese profesieë – dit is hoe die destydse gelowiges Hom geken het, dit is waaruit hulle vreugde geput het. Met dankbare harte het hulle daardie waarheid – wat vir hulle ’n grote voorreg was – uitgeleef. So het die eerste Christene dan ’n diepe begeerte na samesyn, studie en gebed gehad. Hulle wou bitter graag die Here bedank vir die dinge wat Hy deur die lewe, dood en opstanding van Jesus aan hulle geopenbaar het; ook om dankie te sê vir die dinge wat Hy in hulle lewens gedoen het. Die kerk van Jesus Christus is per definisie ’n gemeenskap van aanbidding, wat deur die Here op die been gebring is ten einde “’n geestelike huis” en “’n heilige priesterdom te wees” en om “geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is” (1 Pet. 2:5, NAB). Gemeenskaplike aanbidding, as ’n uitdrukking van dankbaarheid teenoor God, transformeer die hart en verstand van die mens. Ons word die karakter van God deelagtig, en word op diens aan God en die mens voorberei. Hierdie week se les fokus op die betekenis van aanbidding en hoe dit eenheid in Jesus onder gelowiges help bewaar. *\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 15 Desember.*

## Die aanbidding van ons Skepper en Verlosser

Wanneer aanbidding bespreek word, val die soeklig dikwels op die komponente van aanbidding, m.a.w. wat dit behels en hoe dit gedoen word. Maar wat is die dieper betekenis van aanbidding? Hoekom aanbid ons die Here? In Psalm 29 vers 2 sê Dawid: “Prys die Here om die eer van sy Naam! Aanbid die Here in heilige sieraad” (Ps. 29:2; NAB & OAB). Hierdie psalm stuur ons in die regte rigting, ten einde aanbidding beter te verstaan. Wanneer ’n mens die Here aanbid, gee jy Hom die eer een heerlikheid wat Hom toekom.

**Openbaring 4 en 5 beskryf Jesus se verering as God en Heer na sy hemelvaart. Wat sê die Bybel, hoekom aanbid die hemelbewoners vir God die Vader, en ook vir Jesus as die Lam van God? Lees Op. 4:8, 11; 5:9, 10, 12 en 13.**

---

Hierdie uitbeelding van aanbidding in die hemelse troonkamer, waar Jesus as die Lam van God en Verlosser van die mensdom bekendgestel word, is besonder ontsagwekkend. Aanbidding is wanneer ons op die Here as ons Skeppergod reageer, deur Hom mondelings te vereer en dankie te sê vir die dinge wat Hy vir ons gedoen het. Aanbidding is ’n respons. Dit is danksegging vir God se skepping en die verlossing wat Hy bring. Aan die voleinding van die wêreld gaan die verlostes ook die Here tesame vereer. Hulle gaan op ’n soortgelyke wyse op God se verlossing reageer. “Groot en wonderbaarlik is u dade, Here God, Almagtige. Reg en betroubaar is u optrede, Koning van die nasies. Wie sal U nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie? U alleen is heilig! Al die nasies sal kom en U aanbid, want hulle sal sien dat u handelwyse regverdig is” (Op. 15:3, 4; NAB). Aanbidding is dus ’n respons. Dit is ’n tentoonstelling van ons geloof in God, en al die bomenslike dinge wat Hy vermag het – eerstens omdat Hy ons geskep het, en tweedens omdat Hy ons verlos het. Deur aanbidding gee ons Hom die verering, eerbied, lofprysing, liefde en gehoorsaamheid wat ons glo Hy veronderstel is om te ontvang. Ons kennis oor die Skepper- en Verlosserskap van God, kom natuurlik uit die Skrif en wat dit aangaande Hom openbaar. Voorts steun die Christen se kennis oor God op ’n meer volledige openbaring: Die karakter en bediening van Jesus (lees Joh. 14:8–14). Dit is hoekom Christene vir Jesus as Verlosser aanbid, aangesien sy soendood en opstanding aan die kern van daardie daad lê. Wanneer Christene vir aanbidding byeenkom, is dit uit ontsag en dankbaarheid. Dít is die bewegrede vir ons aanbidding.

**Dink net aan alles wat ons deur Jesus as ons Skepper en Heiland ontvang het en steeds ontvang – oor die dinge waarvan Hy ons gespaar het, asook wat Hy ons bied – en dit danksy sy besluit om vrywilliglik in ons plek te sterf! Hoekom behoort hierdie waarhede die grondslag van al ons aanbiddingshandelinge te vorm?**

## Vals aanbidding

Lees Matteus 4:8 en 9. Wat was Jesus se derde versoeking in die woestyn?

---

Uit pure hoogmoed en arrogansie maak Satan asof Hy heerskappy oor alles het, oortuig van die feit dat alle rykdom en heerlikheid hom toekom. Hy maak aanspraak op die eer en respek van alle aardbewoners, asof Hy die skepper van dié planeet is. Wat 'n belediging vir die Allerhoogste, vir die Skeppergod en Vader van Jesus! Hierin toon Satan dat hy presies verstaan het waaroor aanbidding gaan – die betoning van eer en respek aan God, as die regmatige eienaar van die heelal.

**Vergelyk die volgende twee bybelgebeure: Die drie Hebreuse ballinge se ervaring in Daniël 3 (veral verse 8–18) en die eindtydmoondheid van Openbaring 13:4 en 14:9–11. Wat is hier op die spel, in die pylvak van die geskiedenis? Wat is die sleutelkwessie in beide skrifgedeeltes?**

---

Dit begin by Kain en Abel, kort na die sondeval. 'n Mens bespeur dit ook duisende jare later, in die verhaal van die drie Hebreuse jongmanne in Babilon; en kort voor die voleinding van die wêreld, met “die merk van die dier” (Op. 16:2) – Satan probeer om 'n vals aanbiddingstelsel op die been te bring; een wat die mens van die lewende God af wegneem en wat aanbidding na hom herlei, selfs al is dit net subtiel. Hy wou, per slot van rekening, al voor die sondeval op gelyke voet met God wees (Jes. 14:14). Dit is nie blote toeval dat dieselfde lot wat die drie Hebreuse ballinge in die gesig gestaar het – die doodstraf as hulle weier om die beeld te aanbid – ook God se getroue eindtydkinders te beurt gaan val nie. Maar hoekom nou 'n beeld aanbid – hetsy letterlik of figuurlik – as die Bybel ons aansê om die lewende God te aanbid? “Van groot belang is die lesse wat ons uit die verhaal van die Hebreuse jongmans daar in die Duradal leer... “Die tyd van benoudheid wat vir die kinders van die Here voorlê, verg 'n onwankelbare geloof. In [die eindtydgelowige se] handel en wandel moet dit blyk dat [die lewende] God die absolute middelpunt van sy/haar aanbidding is. Wat meer is, dat niks hulle sover kan bring om in die minste te kompromieer nie, selfs al is hul lewens op die spel. Vals aanbidding is buite die kwessie. Gemeet aan die woord van die ewige God, is die bevel van sondige, nietige mense soos kaf in die wind. Dit is hoe God se eindtydkinders dit beskou. By die waarheid sal hulle hou, selfs al loop dit op tronkstraf of ballingskap of die dood uit” (Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 512, 513).

**Op watter maniere kan ons nou reeds in die versoeking gebring word om enigiets of enigiemand anders te aanbid – dinge of mense wat nie soos die lewende God ons aanbidding waardig is nie? Vals aanbidding hou groter gevare in as wat 'n mens meen. Hoe so? Met watter tipe afgode probeer die duivel ons vang?**

## Die Eerste Engel se Boodskap

Sewendedag-Adventiste beskou die drie-engeleboodskap in Openbaring 14:6–12 as ’n versinnebeelding van ons sending, en ook die kern van ons boodskap aan die wêreld in aanloop tot die wederkoms van Jesus (Op. 14:14–20). Hierdie is die groot boodskappe wat ons met ’n “harde stem” alom moet verkondig.

**Lees Openbaring 14:6, 7. Wat is die eerste engel se boodskap, en wat sê dit vir ons aangaande die Here? Hoekom maak hierdie eerste boodskap melding van aanbidding?**

---

Die eerste van die drie-engeleboodskap is een wat aan die ganse aarde gerig word. Dit is die vervulling van Jesus se voorspelling in Matteus 24:14. ’n Mens bespeur ’n dringendheid in die wyse waarop die drie engele en hul onderskeie sendings uitgebeeld word. Die eerste engel doen ’n ernstige beroep op die mensdom om op God, en Hom alleen, te fokus; want “want die uur van sy oordeel het gekom” (Op. 14:7, OAB). Die wederkoms van Jesus lui die oordeelsdag in. “Vrees God,” sê die eerste engel (Op. 14:7, OAB). Vir diegene wat hulle nie veel aan God gesteur het nie, boesem hierdie boodskap en wekroep vrees in. Vir diegene wat wel getroue volgelinge van Jesus was, is dit egter ’n oproep tot eerbied en ontsag. Hulle aanskou die Meester en beleef die vervulling van die adventbelofte. ’n Diepe dankbaarheid en eerbied spoel oor hul ganse wese. “en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het” (Op. 14:7, OAB). Die soort taalgebruik wat hier ingespan word, herinner aan die Sabbatsgebod, met sy verwysing na die skepping (lees Eks. 20:8–11). Die God van die skepping wat die Sabbat as gedenkteken van sy skeppende mag ingestel het, is die Een wat aanbid, geëer en gerespekteer moet word.

Interessant hier is die fokus op aanbidding in die eindtyd, en hoedat dit ’n deurslaggewende rol in die groot stryd gaan speel. Dit is ’n stryd wat bepaal aan wie die mens getrou gaan wees. Die eerste engel se boodskap is dus ’n wêreldwye aankondiging, ’n oproep om die Skeppergod te aanbid. “Aanbidding is die kernkwessie in die eindtydkrisis. Openbaring maak dit duidelik dat die groot toets nie ’n verbod op [Christelike] aanbidding gaan wees nie. Wie presies aanbid word, is egter waaroor dit gaan. Voor die wederkoms gaan die wêreld slegs in twee kampe verdeel wees: Dié wat die ware God vrees en Hom alleen aanbid (11:1, 18; 14:7) en diegene wat die waarheid verag, en wat die dier en die draak aanbid (13:4-8, 14:9–11)... “As aanbidding dan die kernkwessie in die slotgebeure van die groot stryd is, is dit ook geen wonder dat God sy eindtyd-evangelie aan ons stuur, met ’n beroep op alle aardbewoners om Hom ernstig op te neem en as Skeppergod te aanbid nie. Hy is immers al Een wat ons aanbidding waardig is” (Ranko Stefanovic, *Revelation of Jesus Christ: Commentary on the Book of Revelation* [Berrien Springs, Michigan: Andrews University Press, 2002], bl. 444, 445).

## Bybelstudie en samesyn

### Lees Handeling 2:42. Waaruit het vroeë Christelike aanbidding bestaan?

---

“En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap” (Hand. 2:42, OAB). Duidelik was die bestudering van God se Woord via die apostoliese leer van meet af baie belangrik vir die kerk van God. Die eerste Christene het die Skrif getrou bestudeer, aangesien dit oor Jesus die Messias gepraat het. Die vroeë Christelike kerk het gereeld samesyn geniet, ten einde die seëninge wat God hulle geskenk het tesame te smaak, en ook om mekaar in hul Christelike wandel te bemoedig. Uit die Woord van God het hulle kosbare waarhede geput, waarhede wat uiteindelik die grondslag van hul boodskap aan die wêreld geword het.

### Wat sê die volgende skrifgedeeltes oor die belangrikheid van gesamentlike bybelstudie onder gelowiges?

**2 Kon. 22:8–13** \_\_\_\_\_

**Hand. 17:10, 11** \_\_\_\_\_

**2 Tim. 3:14–17** \_\_\_\_\_

“Waar die evangeliewaarheid ook al verkondig word, lei dit tot ’n nougesette bestudering van die Skrif onder diegene wat begeer om te doen wat reg is. Neem in ag dat waarhede wat moeilik is om aan te hoor, aan party Christene toevertrou is. As diesulkes, in aanloop tot die slotgebeure, tog net die voorbeeld van die Bereane wou volg; deur die Bybel daaglik te studeer en die boodskappe wat hulle ontvang het aan die Skrif te meet. Dan sou daar vandag heelwat meer getroue volgelingen van God en sy gebod gewees het; en nie betreklik min, soos dit nou die geval is nie” (Ellen G. White, *The Acts of the Apostles*, bl. 232). As kerk word ons saamgebind deur die waarhede wat ons verkondig, waarhede wat ons in die Woord van God vind. Dit ook hoe dit destyds in die vroeë Christelike kerk was. Daardie beginsel geld vandag nog. Die bestudering van Gods Woord vorm die kern van ons aanbidding van die lewende God, en van ons eenheid as diegene wat tot die verkondiging van die drie-engeleboodskap aan die wêreld geroepe is. Wanneer ons as ’n kerkgesin byeenkom en saam aanbid, spreek God tot ons deur sy Woord; om ons vir ons sending en op Jesus se wederkoms voor te berei.

**Hoe vas staan jy in ons leerstellings deur die Bybel? Met ander woorde: Is dit waarlik die hoeksteen van jou lewe, sodat jy, net soos die drie Hebreuse jongmanne, in die aangesig van die dood sal vasstaan?**

## In die breking van brood en gebed

Die vroeë Christelike kerk het saamgestaan, ongeag die probleme waarmee hulle te kampe gehad het. Hulle het 'n gemeenskaplike geloof in Jesus gehad, en ook in die wêreldwye verkondiging van die waarheid wat deur Hom aan hulle toevertrou is. Daardie boodskap noem Petrus “die waarheid wat by julle is” (2 Pet. 1:12, NAB) – oftewel “die teenswoordige waarheid” – vanuit die Engels. En so het hulle dan, verenig in die waarheid, op verskillende maniere aan hul eenheid in Christus uiting gegee. “En hulle het volhard... in die breking van die brood en in die gebede” (Hand. 2:42, OAB). Hierdie breking van die brood dui seker op gemeenskaplike maaltye of gemeente-etes waaraan gelowiges gereeld deelgeneem het. Tydens die destydse gemeente-etes het iemand op 'n bepaalde tydstip gedurende die maaltyd opgestaan, en 'n spesiale seëning oor die brood en drankies uitgespreek. Dit was ter nagedagtenis aan Jesus se dood en opstanding, en in afwagting op sy spoedige terugkeer. So het die eerste Christene hul tyd deurgebring het, deur die betekenis van Jesus se lewe en sending te bepeins. Hulle het dit geniet om tydens gemeente-etes daaroor te praat. So het die maaltye wat hulle saam genuttig het dan oomblikke van aanbidding geword. “Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydschap en in alle eenvoud geëet, en God geprys. Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg” (Hand. 2:46, 47; NAB). Een ding is egter seker: Daardie tye van saamwees het hul samehorigheidsin in Jesus versterk

**Watter voorbeelde gee Handelinge ons van die eerste Christene wat saam bid? Waarvoor het hulle gebid?**

**Hand. 1:14** \_\_\_\_\_

**Hand. 4:23–31** \_\_\_\_\_

**Hand. 12:12** \_\_\_\_\_

Die vroeë Christelike kerk het elke geleentheid om direk met God te praat as iets kosbaars beskou. Nie 'n enkele geleentheid om hul vreugde en vrese met Hom te deel, is tydens hul aanbiddingsbyeenkomste onbenut gelaat nie. In sy eerste Sendbrief aan Timoteus sê Paulus hoe belangrik gebed is wanneer gelowiges byeenkom (1 Tim. 2:1). Hy beklemtoon dit ook in sy skrywe aan die Efesiërs: “Doen dit alles biddend en smeeke God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges. Bid ook vir my” (hfst. 6:18, 19; NAB).

**Hoe help gemeenskaplike voorbidding om kerkeenheid teweeg te bring? Hoe kan dit boonop die eenheidsband verder verstewig?**

## Vir verdere studie:

Lees die inskrywings “Prayer,” bl. 1044–1046, asook “Worship,” bl. 1290–1291, in die *Ellen G. White Encyclopedia*. “‘Die Sabbat as gedenkteken van die skepping is van kardinale belang. Dit wys ons op die rede vir God se aanbiddingswaardigheid’ – Hy is die Skepper en ons is sy skepsels. ‘Die Sabbat vorm die kern van ons God-gerigte aanbidning. Dit is ’n waarheid wat op ’n aangrypende wyse deur die Sabbat tuisgebring word. Geen ander instelling doen dit met soveel sukses nie. Ware aanbidning – m.a.w. aanbidning in sy geheel, wat op meer as net die onderhouding van die sewende dag neerkom – spruit uit die onderskeid tussen Skepper en skepsel. Dit ’n feit, iets waarmee ’n mens nie kan wegdoen nie, iets wat nooit uit die oog verloor moet word nie’ [J. N. Andrews, *History of the Sabbath*, hfst. 27]. Ten einde hierdie waarheid by die mens lewend te hou, het God die Sabbat by die skepping ingestel. Vir solank as wat God se skepperskap die beweegrede vir Sabbatsonderhouding is, sal die Sabbat die gedenkteken en simbool van daardie waarheid bly. As die ganse mensdom by die Sabbat gebly het, sou ons in ons denke en ons begeertes by die Skepper gebly het. Dan sou Hy die middelpunt van ons eerbied en aanbidning gebly het. Daar sou nooit enige egbrekers, ateïste of ongelowiges gewees het nie. Die onderhouding van die Sabbat is ’n teken van ons lojaliteit aan die lewende God, aan ‘Hom wat die hemel en die aarde, die see en die waterbronne gemaak het’ [NAB]. Dit maak dus sin dat die drie-engeleboodskap – wat die mensdom aansê om God te aanbid en sy gebooue te bewaar – pertinent op die onderhouding van die vierde gebod klem lê” (Ellen G. White, *The Great Controversy*, bl. 437, 438).

## Vrae vir bespreking:

- 1. Die bybelbegrippe aanbidning, skepping en verlossing is duidelik nou-verweefd. Nou is die vraag: Op watter manier is Sabbatsviering God se teenmiddel vir vals aanbidning? Watter rol speel die Sabbat in die eindtydprofesie van Openbaring 14:6 en 7? Hoekom dié verwysing na die Sabbat in die eerste engel se boodskap?**
- 2. Dikwels draai gesprekke oor aanbidning om die moets en moenies van die Sabbatdag. Is dit voldoende? Waaroor gaan aanbidning in werklikheid? Op watter maniere ervaar jou gemeente betekenisvolle aanbidning?**
- 3. In party samelewings is gesamentlike aanbidning – die ware, Christelike soort – besig om verlore te gaan. Soms word dit bloot laat vaar. Dit is ’n tendens wat selfs by sommige Adventistegemeenskappe bespeur word. Wat kan jy en jou plaaslike gemeente doen om dit teë te werk?**

**Opsomming:** Met aanbidning toon die Christen sy/haar dankbaarheid vir die Godgewe gawe van verlossing. Dit is dus ’n respons. Boonop is dit van kardinale belang vir die eenheid en samesyn wat die Christelike gemeenskap geniet. Sonder bybelstudie en gebed, wat spruit uit die begeerte om te weet wat God se wil vir sy kinders is, sal ons nooit eenheid in Christus bereik nie.